

<b>FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700</b> <b>Seminaar RS 6 – Voorgestelde antwoorde</b> <b>PH Ferreira</b>	<b>DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP</b>
--	---

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 1

- a. Die kwessie ter sprake is of 'n las geskep moet word vir elk van hierdie aspekte, of dit slegs as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid hanteer moet word en of geen openbaarmaking vereis word nie.

'n Las is [IAS 37.10]:

- 'n huidige verpligting van die entiteit (wettig of afgelei);
- wat spruit uit vorige gebeure;
- waarvan die vereffening na verwagting sal lei tot die uitvloeï van ekonomiese voordele.

'n Voorsiening is 'n las waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is [IAS 37.10].

'n Voorsiening kan slegs erken word wanneer [IAS 37.14]:

- 'n entiteit 'n huidige verpligting het as gevolg van gebeure in die verlede;
- dit waarskynlik is dat daar 'n uitvloeï van ekonomiese voordele sal wees; en
- 'n betroubare raming van die bedrag gedoen kan word.

Hoewel daar nog nie in die ware sin van die woord 'n huidige verpligting bestaan nie, is dit meer waarskynlik as nie, dat die eis sal slaag. Voorts kan die bedrag met redelike sekerheid geraam word en daar is voldoende bewys dat daar 'n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra as gevolg van gebeurtenisse in die verlede. 'n Las bestaan dus. 'n Voorsiening moet erken word, omdat aan al die vereistes vir opname in die finansiële state voldoen word.

- b. In hierdie geval is daar geen huidige verpligting nie en 'n las bestaan dus nie.

Die vraag moet dus gevra word of 'n voorwaardelike aanspreeklikheid bestaan.

'n Voorwaardelike aanspreeklikheid is [IAS 37.10]:

- 'n moontlike verpligting wat uit vorige gebeure spruit en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nieplaasvind van een of meer onseker toekomstige gebeure wat nie ten volle binne die beheer van die entiteit is nie; of

- 'n huidige verpligting wat nie erken word nie omdat:
  - 'n uitvloeï van ekonomiese voordele onwaarskynlik is, of
  - die bedrag nie betroubaar gemeet kan word nie.

Selfs al bestaan daar nie 'n huidige verpligting nie, is daar 'n moontlike verpligting wat slegs deur die uitkoms van 'n toekomstige hofsak bevestig sal word.

Geen voorsiening word dus erken nie, maar die aspek word by wyse van 'n voorwaardelike-aanspreeklikheid-aantekening openbaar.

- c. Daar is geen huidige verpligting nie, maar slegs 'n moontlike verpligting. Ingevolge IAS 37.28 word 'n voorwaardelike aanspreeklikheid nie geopenbaar indien die moontlikheid van enige uitvloeï ter nakoming gering is nie, wat hier die geval is. Geen erkenning of openbaarmaking word dus vereis nie.

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2

#### Rekeningkundige erkenning

Die kwessie wat hier ter sprake is, is of 'n las geskep moet word, of dit slegs as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid hanteer moet word en of geen openbaarmaking vereis word nie.

'n Las moet erken word indien:

- daar 'n afgeleide verpligting is wat ontstaan as gevolg van gebeure in die verlede, waarvan die vereffening sal lei tot 'n moontlike uitvloeï van ekonomiese voordele. [Die briewe wat deur die entiteit uitgereik is skep 'n geldige verwagting by die klante dat herstelwerk gedoen sal word. Die herstelwerk sal 'n uitvloeï van ekonomiese voordele in die toekoms tot gevolg hê];
- daar 'n waarskynlike uitvloeï van ekonomiese voordele sal wees om die verpligting te vereffen [die uitvloeï is bo alle twyfel seker, aangesien die klante aangedui het dat die reëling in orde is];
- 'n redelike beraming van die bedrag moontlik is [R900 000].

Hierdie las moet as 'n voorsiening beskou word omdat daar onsekerheid bestaan oor die tydstip wanneer en bedrag waarteen die verpligting afgehandel sal wees - weet nie wanneer klante hul motors sal inbring nie en of almal wel op die brief sal reageer nie. Die voorsiening sal gemeet word teen R900 000.

Daar word egter verwag (feitlik seker) dat die koste van herstel deur 'n teeneis verhaalbaar is. 'n Afsonderlike bate word hiervoor erken. Die bedrag van die bate mag nie die bedrag van die voorsiening oorskry nie. In die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste mag die uitgawe en verhalings wel teen mekaar verreken word.

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3****VOORSTEL I****Aanvaarbaarheid**

IAS 37.63 verbied uitdruklik die skep van 'n voorsiening vir toekomstige bedryfsverliese. Gevolglik mag die verwagte verlies van R250 000 ten opsigte van die skoubedrywighe nie voorsien word nie.

**VOORSTEL II****Aanvaarbaarheid**

Die besluit om nie te openbaar nie, hou verband met die volgende sake :

- Die moontlike eis val binne die definisie van 'n voorwaardelike aanspreeklikheid omdat daar 'n moontlike verpligting bestaan (eis) wat ontstaan uit gebeure in die verlede (beweerde skend van patentregte), waarvan die finansiële uitwerking eers later by 'n gebeurtenis wat buite beheer van die entiteit is (hofgeding of arbitrasie) bevestig sal word.
- Die direksie se besluit om nie te openbaar nie, is teenstrydig met die feit dat die prokureurs nogtans opdrag gegee is om die saak te ondersoek. Die direkteure erken dus die moontlikheid dat die eis dalk (al is dit net 'n skrale moontlikheid) kan realiseer.
- Die voorwaardelike verlies se waarskynlikheid is skynbaar twyfelagtig. Derhalwe moet slegs die bestaan en beraamde effek daarvan openbaar word. Daardeur kom die omsigtigheidsbegrip tot sy reg.
- Indien die direksie egter die ouditeur kan oortuig dat die waarskynlikheid van die verlies gering is, hoef niks geopenbaar te word nie.

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4**

- a. Die herstruktureringkoste kan slegs erken word sodra 'n verpligting (afgeleide verpligting) ontstaan.

Ingevolge IAS 37.72 moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- die entiteit moet 'n gedetailleerde formele plan vir die herstrukturering hê (vereiste op 12 Augustus nagekom), wat minstens die volgende identifiseer:
  - deel van die besigheid betrokke;
  - hoofliggings beïnvloed;
  - ligging, funksie en beraamde aantal werknemers wat vergoed sal word vir beëindiging van diens;
  - uitgawes wat onderneem sal word;
  - wanneer die plan geïmplimenteer sal word.
- die entiteit het 'n geldige verwagting geskep dat die herstrukturering uitgevoer sal word (deur dit te implementeer, of deur die herstrukturering se hoofkenmerke bekend te maak aan partye wat daardeur geraak word). Hierdie vereiste is nagekom toe die besluit op 20 Augustus aan die werkers aangekondig is.

In hierdie geval ontstaan daar op 20 Augustus 20X2 'n afgeleide verpligting toe die aankondiging aan die werkers gemaak is. Die goedkeuring deur die raad lei nie tot 'n afgeleide verpligting nie. [IAS 37.75].

- b. Ingevolge IAS 37.80 behoort 'n herstruktureringvoorsiening slegs direkte uitgawes as gevolg van die herstrukturering in te sluit, wat beide:

- noodsaaklikerwys tydens die herstrukturering aangegaan word; en
- nie verband hou met voortgesette aktiwiteite nie.

Slegs die kontrakkansellasië-koste sal daarom kwalifiseer vir insluiting in die herstruktureringvoorsiening.

Let daarop dat 'n las ook vir die afleggingspakette geskep sal word, maar aangesien werknemervoordele uitgesluit is van die omvang van IAS 37, sal die las ingevolge IAS 19 geskep word.

- c. Ingevolge IAS 37.78 ontstaan daar geen verpligting tot dat die entiteit tot die verkoop verbind is nie, dit wil sê daar 'n bindende verkoopsooreenkoms bestaan. Die verkoop van bates en verwante kostes kan dus nie erken word alvorens bogenoemde plaasgevind het nie. (Aanpassings aan die drabedrae van bates mag vereis word ingevolge IAS 36 of IFRS 5 – dit sal later in die jaar aangespreek word).

## VOORGESTELDE OPLOSSING OP VRAAG 5

### (a) JEFKO BPK

#### 1. Beswarende kontrak

		Dt R	Kt R
31/12/20X2	Verwagte verliese op beswarende kontrak (W/V) [B1] Voorsienings (F/P) [B1] (Voorsiening vir toekomstige verliese op beswarende kontrak)	885 329	885 329

#### Rede:

Die verpligtende gebeurtenis is die ondertekening van die huurkontrak wat 'n regsverpligting laat ontstaan.

'n Huurkontrak word beswarend wanneer die onvermydelike koste om die verpligting na te kom, die ekonomiese voordele oorskry.

'n Voorsiening moet erken word vir die beste raming van die netto onvermydelike koste om die verpligting na te kom (IAS 37.68).

#### 2. Omgewingsherstelkoste

		Dt R	Kt R
30/05/20X2	Omgewingsherstelkoste (W/V) [B2] Voorsiening vir omgewingsherstelkoste (Voorsiening vir omgewingsherstelkoste)	3 334 906	3 334 906
31/12/20X2	Rente betaal (W/V) [B2] Voorsiening vir omgewingsherstelkoste (Voorsien rente op uitstaande verpligting)	179 072	179 072

*Teen die einde van die tydperk sal die volle verpligting voorsien wees en betaling moet teen die verpligting gedebiteer word.*

#### Rede:

Die herstel van die opdamming en verlegging van die rivier is 'n wettige verpligting in terme van die kontrak.

Jefco Bpk het 'n afgeleide verpligting om die ompaaie te herstel. Jefco Bpk het aan ander partye deur sy beleid en bemerking aangedui dat hy die verantwoordelikheid aanvaar om op te ruim en die omgewing te herstel.

Die verpligtende gebeurtenis is die kontrak, die bou van die dam en paaie en verwagtinge wat deur die maatskappy geskep is om die omgewing te herstel.

Die uitvloeï van middele is waarskynlik en 'n betroubare raming kan gemaak word.

#### 3. Ouditfoeie

Geen joernaalinskrywings word benodig nie.

"A provision like all liabilities, should only be recognised when it relates to an event that has already occurred at the reporting date. A contentious issue is the treatment of an audit fee provision. Audit fees should be recognised in the financial year in which audit services are provided, as that is when the obligation to pay the audit firm arises. An audit provision should only relate to work already completed at the reporting date - it should not include a provision for audit work done after the reporting date.

It is sometimes argued that because there is a legal obligation for an audit to be performed for each financial year, provision should be made for the audit fee in the year concerned. We do not believe this argument holds water. There is no obligation for the audit to be performed during the financial year concerned, and the auditor certainly has no claim for fees until the audit work has been done. This is simply another case of a correct interpretation of the recognition criteria overturning a past practice which resulted from prudence and established convention."

*Verwysing: Everingham & Watson, GAAP Newsletter Volume 3 No 1: April 2001.*

**(b) JEFKO BPK****AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X2****2. Wins voor belasting**

Wins voor belasting word getoon nadat die volgende items in ag geneem is:

	<b>R</b>
Verwagte verliese op beswarende kontrak <sup>#</sup> [B1]	885 329
Omgewingsherstelkoste <sup>#</sup> [B2]	3 334 906

<sup>#</sup> Weens die wesenskap van hierdie items word dit as afsonderlik aantoonbare items beskou.

**3. Voorsienings****3.1 Voorsiening vir beswarende kontrak**

Drabedrag aan begin van jaar	-
Voorsiening huidige jaar	<u>885 329</u>
Drabedrag aan einde van jaar	<u>885 329</u>

Jefco Bpk het voorsiening gemaak vir 'n beswarende huurkontrak ten opsigte van 'n kleinhandelperseel. Die huurkontrak verstryk oor 30 maande op 30 Junie 20X5. Die netto onvermydelike huurbetalings word maandeliks teen die voorsiening erken.

**3.2 Voorsiening vir omgewingsherstelkoste**

Drabedrag aan begin van jaar	-
Voorsiening huidige jaar	3 334 906
Rente	<u>179 072</u>
Drabedrag aan einde van jaar	<u>3 513 978</u>

Jefco Bpk het 'n wettige sowel as 'n afgeleide verpligting om die omgewing te herstel na voltooiing van 'n konstruksiekontrak om brùe in die Limpopo Provinsie te herbou. Daar word beraam dat die kontrak teen 31 Julie 20X4 voltooi sal wees, waarna die omgewing herstel sal word teen 'n beraamde koste van R4 050 000.

**BEREKENINGE****B1. Beswarende kontrak**

Bruto wins per maand 2 952 000/12	246 000 p.m.
Oorblywende tydperk van huur	30 maande
Verdiskonteringskoers	9% p.j.

Kontantvloei per maand

	<b>Huur- betalings</b>	<b>Bruto wins</b>	<b>Netto kontant- vloei</b>
Maand 1 - 12	(264 825)	246 000	(18 825)
Maand 12 - 24	(283 363)	246 000	(37 363)
Maand 25 - 30	(303 198)	246 000	(57 198)
Gebruik finansiële rekenaar met 'n kontantvloei-funksie. Bereken NPV = Netto kontantvloei (Onthou dat rente maandeliks saamgestel word).			(885 329)

**B2. Konstruksie**

Aantal maande tot voltooiing van kontrak (1 Junie 20X2 - 31 Jul 20X4)	26
Beraamde herstelkoste (2 200 000 + 1 850 000)	4 050 000
Teenswoordige waarde van herstelkoste verdiskonteer teen 9% per jaar, maandeliks saamgestel op 1 Junie 20X2	3 334 906
Rentekoste op uitstaande verpligting vanaf 1 Junie 20X2 tot 31 Desember 20X2	179 072*

\* Teenswoordige waarde van herstelkoste op 31 Desember 20X2 verdiskonteer teen 9% per jaar, maandeliks saamgestel:  $n = 19$  (26 - 7),  $FV = 4\,050\,000$ ,  $i = 0,75$  (9/12),  $COMP\ PV = 3\,513\,978$ .  
Dus rentekoste van 1 Junie 20X2 tot 31 Desember 20X2  
=  $3\,513\,978 - 3\,334\,906$   
= 179 072